

# 'n Stoomlokomotief - 'n Brug met 'n raaisel

■ Rene Fourie

Op die 2de Junie 2018 plaas 'n bekende geskiedkundige, Nico Moolman, 'n foto op Facebook van 'n stoomlokomotief wat water in neem.

Dawie Fourie bevraagte die foto aangesien daar nie 'n watergat by Heilbron Stasie is nie. Met 'n opvolg plasing, plaas Moolman 'n volledige foto. Die foto weerspieël 'n stoomlokomotief onder 'n brug wat water in neem waar die brug gebou word. Na 'n oproep of twee dieselfde middag besoek Fourie en Danie Knoetze die plaas van Wouter en Wilna Weilbach. Dit bleik die stoomlokomotief se geskiedenis lê op Leeuwpoort.

Soos vasgestel kon word was die brug op die foto gebou in 1898. Met verdere ondersoek blyk dit dat die reëlspoor vanaf Wolwehoek afkomstig was. Gereedskap, reëlspore, klippe en ander benodigdhede was met die trein aangery. Daar was vroeër eers 'n laagwater bruggie oor die Elandspruit met 'n tydelike reëlspoor gelê voor die bou van hierdie brug (soos op foto). Die reëlspoor het langs die spruit geloop tot waar die nuwe brug in aanbou was. Hier was die grondstowwe destyds opgeheys. Die foto in Moolman se besit was in die tyd geneem deur 'n onbekende fotograaf. Dawie Fourie se huidige foto is presies op dieselfde plek geneem.

Gedurende die Boereoorlog was die brug opgepas deur die Britte om te keer dat die brug beskadig word. Op 'n randjie wat uitkyk na die brug, (die plaas van Danie Bormman), was daar 'n paar jaar terug 'n hele ammunisiekas vol patrone uitgedelf. Die patrone dateer uit die Boereoorlog. Die brug was vermoedelik met 'n masjien-geweef bewaak, algemeen bekend as die pom-pom, tussen 'n klompie klippe wat geplaas was langs die brug.

Jare later was een van die katrolle naby die brug gevind. Die katrol het stukke van die brug opgeheys. Tans lê die katrol by die opstal van die Weilbach's.

Gedurende die oorlog was die brug nooit beskadig, soos reeds genoem. Tussen Heilbron en Gottenburgstasie was wel 'n brug wat deur-geloopt het deur Generaal De Wet se manne. Vandag nog is die destydse skade steeds sigbaar aan die noordekant van die brug waar die steenwerke met op spoorstawe versterk was.

Volgens Wouter wat op Leeuwpoort groot geword het, is daar steeds tekens van die ou spoorlyn onder die brug. Die ou foto van Moolman gee 'n baie duidelike beeld oor wat voorheen net bespiegel was. Die betrokke reëlspoor tussen Heilbron en Wolwehoek het in onbruik verval. Die spoorstawe was etlike jare terug opgelig en verwyder.

Die brug met sy omgewing het egter ook 'n vraag opgelewer. In 1981, toe die spoorlyn nog in gebruik was, het Wouter eendag as 'n jongman op die plaas geloop. Ongeveer 75 meter vanaf die brug, staan 'n klein hoogtetjie, baie klipperig. Hier het Wouter 'n groot gat gevind wat vars gegrou was.

Die grou van die gat kon mens nie waarneem vanaf die plaasopstal nie. Wouter het navraag gerig aan die plaasvolk oor die ontstaan van die gat. Die plaasvolk het hom meegedeel dat daar 'n man en vrou 'n tentjie



Op die foto bo die nuwe brug.



Die foto in Moolman se besit van die brug wat in 1898 gebou is.

opgeslaan het aan die brugkant van die randjie en dat hulle die gat gegrou het. Wouter vertel voorts dat die man en vrou nie met 'n motor gereis het nie.

Daar is vermoed dat die twee van die trein moes afgeklim het by die destydse Weilbachstasie, sowat 250 meter aan die Heilbron kant van die brug. Wat hulle gesoek het sal niemand weet nie. Wie hulle was is onbekend. Die gat het agtergebly as bewys van hul delwery.

Die randjie se klipperigheid en die gat se diepte dui op 'n spesifieke item wat gesoek moes gewees het. Geen ander plek is omgedelf nie. So met Wouter se vertelling loop mens se gedagtes na die sogenaamde Krugermiljoene. Wat nog van die Krugersdorp se Tunnelbankroef van 1977.

Vandag word die erfstuk van 'n brug met sy antieke lyne gebruik vir trou-foto's.

Inligting: Dawie Fourie en Wouter Weilbach  
Fotos: Dawie Fourie



Wouter Weilbach by die katrolle wat naby die brug gevind is.



Op die foto bo die gat wat gegrou is.

## TOTEM SKOOLTASSE

beskikbaar by

### Herald Office National.

Sien website vir pryse & verskeidenheid  
www.totembags.co.za

Elsstraat 44, Heilbron, 9650  
Tel: 058 852 3033



**Heilbron Herald**

# PLAASNAAMBORD

Chromadek Board  
Printed Reflective Vinyl  
Verskillende groottes om van te kies

**Stoffel & Susan se Plasie**

**Vanaf R180**  
voor BTW

Prys sluit nie Ontwerp of BTW in nie. Kontak gerus vir Marilze of Johan  
heraldgraphics2@heilbron.co.za | 058 852 3033 | Geldig tot 29 Junie 2018

### BUSINESS IN A BOX (7 in 1)

Bundle includes the following: ①HP A13835 Deskjet Printer ②HP N3060 Celeron Notebook ③HP 1 x 652 Tri Colour Ink ④HP 1 x 652 Black Ink ⑤HP Focus Grey Topload Laptop Bag ⑥HP In-ear H2310 Headphones ⑦HP X3500 Wireless Mouse.

**PRINTER:** • 4in1. • Print, Copy, Scan, Fax. • Up To 8ppm Black. • Up To 6ppm Colour. • Print Resolution: Up To 4899x1200dpi. • Hi-Speed USB2.0, Wi-Fi, HP ePrint, Wireless Direct Printing & Apple AirPrint. • 60 Sheet Output Tray. • 1 Year Carry-in Warranty.

**NOTEBOOK:** • 15.6" HD SVA. • Intel Celeron. • 4GB DDR4 - 2133 SDRAM. • 500 GB 5400rpm SATA HDD. • Bluetooth. • Windows 10 Home • 1 Year Carry-in Warranty.

**HP - 652 INK**  
CODE: HPF6V25AE | Black  
R173,50 Incl VAT

**HP - 650 INK**  
CODE: HPCZ101AE | Black  
R157,50 Incl VAT

**HP - 652 INK**  
CODE: HPF6V24AE | Tri Colour  
R148,50 Incl VAT

**HP - 650 INK**  
CODE: HPCZ102AE | Tri Colour  
R134,50 Incl VAT

**HP - 652 INK**  
CODE: HPF6V25AE | Black  
R173,50 Incl VAT

**HP - 652 INK**  
CODE: HPF6V24AE | Tri Colour  
R148,50 Incl VAT

**HP - 650 INK**  
CODE: HPCZ101AE | Black  
R157,50 Incl VAT

**HP - 650 INK**  
CODE: HPCZ102AE | Tri Colour  
R134,50 Incl VAT

**Herald Office National**